

You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies ☺

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za

SA EXAM PAPERS

Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

SEPTEMBER 2022

REKENINGKUNDE V1

PUNTE: **150**

TYD: **2 uur**

Hierdie vraestel bestaan uit 13 bladsye, insluitend ’n formuleblad en ’n 11-bladsy antwoordeboek.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees die volgende instruksies aandagtig deur en volg dit noukeurig.

1. Beantwoord AL die vrae.

2. 'n Spesiale ANTWOORDEBOEK word verskaf waarin jy AL die vrae moet beantwoord.

3. Toon AL die bewerkings om deelpunte te verdien.

4. Jy mag 'n nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.

5. Jy mag 'n donker potlood of blou/swart ink gebruik om die vrae te beantwoord.

6. Toon ALLE bewerkings tot EEN desimale punt, waar van toepassing.

7. Indien jy dit verkies, mag jy die Formuleblad met Finansiële Aanwysers wat aan die einde van hierdie vraestel aangeheg is, gebruik. Die gebruik van hierdie formuleblad is NIE verpligtend NIE.

8. Skryf netjies en leesbaar.

9. Gebruik die inligting in die tabel hieronder as 'n riglyn wanneer jy die vraestel beantwoord. Probeer om NIE daarvan af te wyk NIE.

VRAAG	ONDERWERP	PUNTE	TYD (minute)
1	Begrippe, Staat van Omvattende Inkomste en Staat van Finansiële Posisie	60	45
2	Finansiële aanwysers, Aandele Kaptaal-nota en Kontantvloeiberekeninge	40	30
3	Vertolking van Maatskappy Finansiële Inligting	35	30
4	Korporatiewe bestuur	15	15
	TOTAAL	**150**	**120**

Kopiereg voorbehou

HOU HIERDIE BLADSY SKOON.

VRAAG 1: BEGRIPPE, STAAT VAN OMVATTENDE INKOMSTE EN STAAT VAN FINANSIËLE POSISIE

(60 punte; 45 minute)

1.1 Kies 'n verduideliking in KOLOM B wat by die term in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommers (1.1.1 tot 1.1.4) in die ANTWOORDEBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.1.1	Omsigtigheid	A	Dit dui die bates, laste en ekwiteit van die maatskappy aan
1.1.2	Staat van Omvattende Inkomste	B	Direkteursfooie moet afsonderlik in die finansiële state geopenbaar word en nie as deel van salarisse en lone nie
1.1.3	Wesenlikheid	C	Dit toon die invloei en uitvloei van fondse vir die jaar
1.1.4	Staat van Finansiële Posisie	D	Die voorsiening vir oninbare skulde moet tot 5% van uitstaande debiteure aangesuiwer word
		E	Dit toon die wins of verlies vir die finansiële tydperk

(4 x 1) (4)

1.2 **JULA BEPERK**

Jy word voorsien van die inligting vir die finansiële jaar geëindig 30 Junie 2022.

GEVRA:

1.2.1 **Verwys na Inligting B (i):**

Bereken die volgende:

- Die waarde van die eindvoorraad deur die spesifieke identifikasie-metode te gebruik (4)
- Die aantal mikrogolfoonde wat vermis word (2)

1.2.2 **Verwys na Inligting A en B:**

Gebruik die tabel verskaf om die korrekte netto wins na belasting vir die jaar geëindig 30 Junie 2022 te bereken. Dui '+' vir vermeerdering en '–' vir vermindering by elke aangesuiwerde bedrag aan. (17)

1.2.3 Voltooi die Staat van Finansiële Posisie (Balansstaat) op 30 Junie 2022. (33)

LET WEL:

- Aansuiwerings van Inligting B moet oorweeg word wanneer die Staat van Finansiële Posisie voltooi word.
- Toon bewerkings. Sekere syfers word in die ANTWOORDEBOEK verskaf.

Kopiereg voorbehou

INLIGTING:

A. Lys van saldo's voordat die foute en weglatings hieronder in ag geneem is.

Balansstaatrekeninge afdeling	30 Junie 2022 (R)	30 Junie 2021 (R)
Gewone aandelekapitaal	3 948 000	2 673 000
Behoue inkomste	?	1 100 300
Vaste bates teen drawaarde	?	
Vaste deposito	300 000	
Bank (gunstig)	276 000	
Verbandlening: BBS Bank	2 057 000	2 431 400
SAID: Inkomstebelasting (Voorlopige belasting)	947 620	
Aandeelhouers vir dividende	296 000	250 000
Handelsvoorraad	2 757 000	
Debiteurekontrole	1 595 000	
Voorsiening vir oninbare skulde	?	78 300
Krediteurekontrole	1 264 000	

B. Die netto wins voor belasting, R3 199 890, is bereken voordat die volgende in ag geneem/reggestel is:

(i) Die volgende voorraaditems is uit die jaarlikse voorraadopnamesyfers weggelaat:

LET WEL: Die spesifieke identifikasie-metode is in gebruik vir voorraad-waardasie.

Gedurende die jaar				Voorraad op 30 Junie 2022	
Aankope			Verkope		
Item	Hoeveelheid	Eenheidsprys	Hoeveelheid	Hoeveelheid	Totale waarde
Televisies	1 200	R7 000	1 118	?	?
Mikrogolfoonde	2 000	R1 500	1 800	198	R297 000

(ii) Die voorsiening vir oninbare skulde moet met R1 450 verhoog word.

(iii) Verwys na die volgende vooraansuiweringsrekeninge:

Nominale rekeninge afdeling	
Direkteursfooie	R 992 000
Huurinkomste	76 000
Advertensies	54 000

- Die maatskappy het vyf (5) direkteure wat dieselfde maandelikse fooi verdien. Hulle was almal op 'n bonus gelykstaande aan een maand se fooi geregtig. Die bonus van EEN (1) direkteur is steeds uitstaande. Die uitstaande bonus is nie aangeteken nie.
- Huur vir Mei en Junie 2022 is nie ontvang nie. Dit is nog nie aangeteken nie. Let daarop dat die huur met 10% p.j. op 1 Junie elke jaar verhoog.
- 'n Advertensiekontrak vir R12 400 is vir die tydperk 1 Maart 2022 tot 31 Oktober 2022 betaal. Die vooruitbetaalde gedeelte is nie aangeteken nie.

Kopiereg voorbehou

(iv) Uittreksel uit die leningstaat ontvang vanaf BBS Bank op 30 Junie 2022:

Saldo op 1 Julie 2021	R2 431 400
Terugbetalings (rente ingesluit) vir die periode 1 Julie 2021 tot 30 Junie 2022	374 400
Saldo op 30 Junie 2022	2 246 000

- Die rente op lening is nog nie aangeteken nie.

C. Nadat die aansuiwerings / regstellings hierbo in ag geneem is, is vasgestel dat die besigheid R17 400 vir inkomstebelasting vir die jaar oorbetaal het.

D. Aandele en dividende:

- Die maatskappy het gedurende die jaar 90 000 aandele teruggekoop teen 'n totale koste van R698 000. Dit was R275 000 bo die gemiddelde aandeelprys.
- Dividende op gewone aandele vir die jaar het R570 000 beloop.

E. 'n Deel van die vaste deposito's sal op 30 Julie 2022 verval.

F. 'n Gedeelte van die lening sal in die volgende finansiële jaar betaal word.

G. Die bedrag vir vaste bates is die balanserende syfer.

60

HOU HIERDIE BLADSY SKOON.

VRAAG 2: FINANSIËLE AANWYSERS, AANDELE KAPITAAL-NOTA EN KONTANTVLOEIBEREKENINGE

(40 punte; 30 minute)

Die inligting het betrekking op Terresa Bpk. vir die finansiële jaar geëindig 28 Februarie 2022.

GEVRA:

2.1 Bereken die volgende finansiële aanwysers op 28 Februarie 2022.

2.1.1 Vuurproefverhouding (4)

2.1.2 % Opbrengs op gemiddelde kapitaal aangewend (5)

2.1.3 Dividend per aandeel (DPA) (4)

2.2 Voltooi die Gewone Aandelekapitaal-nota op 28 Februarie 2022. (3)

2.3 Bereken die volgende:

2.3.1 Verandering in ontvangbares (dui aan of dit ’n invloei of uitvloei van kontant is) (5)

2.3.2 Inkomstebelasting betaal (5)

2.3.3 Vaste bates aangekoop (4)

2.4 Voltooi die volgende afdelings van die Kontantvloeistaat.

2.4.1 Kontantgevolge van finansieringsaktiwiteite (7)

2.4.2 Netto verandering in kontant en kontantekwivalente (3)

INLIGTING:

A. Uittreksel uit die Staat van Omvattende Inkomste vir die jaar geëindig 28 Februarie 2022:

Verkope	R 3 500 000
Waardevermindering	810 700
Wins voor rente-uitgawe	1 726 000
Netto wins voor belasting	1 600 000

B. Inkomstebelasting is vir die huidige finansiële jaar teen 30% bereken.

C. Uittreksel uit die Staat van Finansiële Posisie op 28 Februarie:

	2022	2021
Vaste bates (drawaarde)	**7 296 200**	**6 117 800**
Vaste deposito	**?**	**?**
Bedryfsbates	**1 536 500**	**1 461 200**
Voorraad	671 000	590 000
Handelsdebiteure	829 000	796 200
Vooruitbetaalde uitgawes	33 000	0
SAID: Inkomstebelasting	0	13 800
Bank	0	61 200
Kleinkas	3 500	0
Gewone aandeelhouersbelang	**7 134 500**	**5 520 000**
Gewone aandelekapitaal	6 240 000	5 100 000
Behoue inkomste	894 500	420 000
Nie-bedryfslaste	**1 050 000**	**1 400 000**
Bedryfslaste	**1 048 200**	**959 000**
Handelskrediteure	700 700	777 000
SAID: Inkomstebelasting	28 600	0
Aandeelhouers vir dividende	292 500	182 000
Bankoortrekking	26 400	0

D. Geen vaste bates is verkoop nie, maar daar was toevoegings tot vaste bates gedurende die finansiële jaar.

E. Aandelekapitaal en dividende:

1 Maart 2021	1 700 000 aandele was in uitreik.
30 Augustus 2021	Interim dividend betaal, R323 000.
31 Desember 2021	R1 620 000 ontvang vir addisionele aandele uitgereik.
27 Februarie 2022	150 000 aandele teruggekoop teen 20c bo die gemiddelde aandeelprys. Hierdie aandele kwalifiseer nie vir finale dividende nie.
28 Februarie 2022	'n Finale dividend van 15 sent per aandeel verklaar.

40

VRAAG 3: VERTOLKING VAN MAATSKAPPY FINANSIËLE INLIGTING
(35 punte; 30 minute)

Die inligting hou verband met twee maatskappye wat in die rekenaarbedryf handel dryf. Die finansiële jaar eindig elke jaar op 30 September.

LET WEL: Waar kommentaar of verduidelikings gevra word, haal finansiële aanwysers, syfers en tendense aan om jou antwoord te ondersteun.

GEVRA:

3.1 **Winsgewendheid:**

Identifiseer die maatskappy met die beter winsgewendheid finansiële aanwysers. Haal TWEE finansiële aanwysers aan. (3)

3.2 **Likiditeit:**

3.2.1 Verduidelik watter maatskappy se likiditeitsposisie aandeelhouers gelukkig sal maak. Haal TWEE finansiële aanwysers in jou verduideliking aan. (6)

3.2.2 Verduidelik TWEE punte oor hoe die ander maatskappy hul likiditeitsposisie kan verbeter. Verwys na ’n spesifieke finansiële aanwyser. (4)

3.3 **Dividenduitbetalingsbeleid:**

Lewer kommentaar op die verandering in die dividenduitbetalingsbeleid van ELKE maatskappy. Verskaf in ELKE geval ’n moontlike rede waarom die maatskappy op ’n verandering van beleid besluit het. Haal syfers aan. (6)

3.4 **Risiko en hefboomfinansiering:**

Lewer kommentaar oor hoe elke maatskappy hul risiko en hefboomfinansiering bestuur. Haal TWEE finansiële aanwysers in jou verduideliking aan. (8)

3.5 **Persentasie aandeelhouding en aandeelprys:**

Die Bravo-familie het van hul aandele terugverkoop aan Dally Bpk. en Nana Bpk.

3.5.1 Lewer kommentaar op die prys wat betaal is vir die terugkoop van aandele deur Dally Bpk. Verskaf TWEE punte. Haal syfers aan. (4)

3.5.2 Verduidelik die effek van die terugkoop van aandele op die % aandeelhouding van die Bravo-familie in ELKE maatskappy. Verskaf ’n berekening om jou verduideliking te ondersteun. (4)

Kopiereg voorbehou

INLIGTING:

A. Uittreksels uit die rekeningkundige rekords aan die einde van elke finansiële jaar:

	DALLY BPK		NANA BPK	
	Sept 2022	**Sept 2021**	**Sept 2022**	**Sept 2021**
Aantal uitgereikte aandele	1 500 000	1 750 000	1 950 000	2 100 000
Terugkoopprys	R15		R15	
Aantal aandele wat aan die einde van die jaar deur Bravo-familie besit word	765 000	1 015 000	942 000	1 092 000
% Aandeelhouding van die Bravo-familie	?	58%	?	52%

B. Finansiële aanwysers, rentekoers en markprys van aandele:

	DALLY BPK		NANA BPK	
	Sept 2022	**Sept 2021**	**Sept 2022**	**Sept 2021**
Winsopslag % behaal	45%		50%	
% Bedryfsuitgawes op verkope	31%		35%	
% Bedryfswins op verkope	25%		16%	
Vuurproefverhouding	1 :1	0,6 : 1	0,7 : 1	0,9 : 1
Gemiddelde debiteure-invorderingsperiode	28 dae	46 dae	40 dae	45 dae
Skuld-ekwiteit verhouding	0,4 :1	0,7 :1	0,6 :1	0,2 : 1
Dividenduitbetalings-koers	20%	60%	80%	25%
% Opbrengs op kapitaal aangewend	16%	12%	9%	13%
Rente op lening	12%	12%	12%	12%
Netto batewaarde per aandeel	1 260 sent	1 120 sent	1 000 sent	1 160 sent
Markprys	1 420 sent	1 390 sent	1 100 sent	1 380 sent

35

VRAAG 4: KORPORATIEWE BESTUUR (15 punte; 15 minute)

GEVRA:

4.1 Die volgende is 'n uittreksel uit die onafhanklike ouditeurverslag van Xuba Bpk.

> Na ons mening is die finansiële state, in alle wesenlike opsigte, 'n billike weergawe van die finansiële posisie van die maatskappy soos op 28 Februarie 2022.

4.1.1 Identifiseer die tipe verslag wat deur die ouditeur uitgereik is. Gee EEN rede vir jou antwoord. (3)

4.1.2 Verduidelik die impak van so 'n verslag op die beeld van die maatskappy. Noem EEN punt. (2)

4.2 BRUCE Bpk. het een van die tenders ontvang, om huise ter waarde van R10 miljoen in die Matolo-gemeenskap te bou. Die Hoof Finansiële Beampte (HFB) van Bruce Bpk. bied aan om 10% van die bedrag in kontant aan die Hoof Uitvoerende Beampte (HUB) van die behuisingsprojek te betaal indien die tender toegeken word. Die HFB wil dit openbaar as korporatiewe sosiale verantwoordelikheid.

4.2.1 Verduidelik hoekom dit oneties is vir die HUB om hierdie aanbod te aanvaar. Noem TWEE punte. (4)

4.2.2 Noem moontlike implikasies vir die HUB sou hy hierdie aanbod aanvaar. Verduidelik TWEE punte. (4)

4.2.3 Stel TWEE maniere voor waarop korporatiewe sosiale verantwoordelikheid deur goeie korporatiewe bestuur bereik kan word. (2)

15

TOTAAL: 150

Kopiereg voorbehou

GRAAD 12 REKENINGKUNDE-FORMULEBLAD MET FINANSIËLE AANWYSERS	
$\frac{\text{Bruto wins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Bruto wins}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{100}{1}$
$\frac{\text{Netto wins voor belasting}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Netto wins na belasting}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$
$\frac{\text{Bedryfsuitgawes}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Bedryfswins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$
Totale bates **:** Totale laste	Bedryfsbates **:** Bedryfslaste
(Bedryfsbates – Voorraad) **:** Bedryfslaste	Niebedryfslaste **:** Aandeelhouersbelang
(Handel en ander ontvangbare bedrae + Kontant en kontantekwivalente) **:** Bedryfslaste	
$\frac{\text{Gemiddelde handelsvoorraad}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{365}{1}$	$\frac{\text{Koste van verkope}}{\text{Gemiddelde handelsvoorraad}}$
$\frac{\text{Gemiddelde debiteure}}{\text{Kredietverkope}} \times \frac{365}{1}$	$\frac{\text{Gemiddelde krediteure}}{\text{Koste van verkope/Kredietaankope}} \times \frac{365}{1}$
$\frac{\text{Netto inkomste na belasting}}{\text{Gemiddelde aandeelhouersbelang}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Netto inkomste na belasting}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$ (*Sien nota hieronder)
$\frac{\text{Netto inkomste voor belasting + Rente op lenings}}{\text{Gemiddelde aandeelhouersbelang + Gemiddelde niebedryfslaste}} \times \frac{100}{1}$	
$\frac{\text{Aandeelhouersbelang}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Dividende vir die jaar}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$
$\frac{\text{Tussentydse dividende}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Finale dividende}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$
$\frac{\text{Dividende per aandeel}}{\text{Verdienste per aandeel}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Dividende vir die jaar}}{\text{Netto inkomste na belasting}} \times \frac{100}{1}$
$\frac{\text{Totale vaste koste}}{\text{Verkoopprys per eenheid – Veranderlike koste per eenheid}}$	

Nota:

* In hierdie geval, indien daar 'n verandering in die aantal uitgereikte aandele gedurende 'n finansiële jaar is, word die geweegdegemiddelde-getal aandele in die praktyk gebruik.

Kopiereg voorbehou